

PROKARA

Geskryf deur Marion Holm

Opgevoer deur Albert Maritz

Toestemming vir opvoerrechte berus by:
Albert Maritz (e-posadres: alliemaritz@gmail.com)

PROKARA

01. Dugstra-cam: Toek na kiti fnoektisam. Oija aalra – Dugstra-cam valjun moiija Onthiéal. (Wat in Afr. beteken: Goeiedag en baie welkom. My naam is Dugstra-cam en hierdie is my vriend Onthiéal.)
02. Onthiéal: Dugsta-cam, kandra oentjêlê. Fnoektalié cundala tje Afrikaans slem katimar. (Afr.: Dugstra-cam, hulle verstaan ons nie. Ons sal Afrikaans moet praat.)
03. Dugsta-cam: Jy's reg! Hulle verstaan nie ons taal nie! Ek het vergeet. Askies! Hallo! My naam is Dugsta-cam en hierdie is my vriend Onthiéal...
04. Onthiéal: Hallo!
05. Dugstra-cam: ... en ons is van Prokara. Dis 'n planeet net links van Franschog, in die omgewing van Paral.
06. Onthiéal: Dis genoeg as hulle weet ons is van 'n ander planeet.
07. Dugstra-cam: Natuurlik! Ag verskoon tog. Ek wou net ordentlik wees. Voor ons weg is van Prokara af, het hulle baie mooi vir ons verduidelik dat julle aardkinders geleer word om ordentlik te wees. Daarom wou ek ook net probeer ordentlik wees. Ek meen...
08. Onthiéal: Dugstra-cam! Hou nou op babbel!
09. Dugstra-cam: Ag nee man, Onthiéal, as jy aanmekaar vir my gaan voorsê, gaan jy my net senuweeagtig maak en dan gaan ek net nog meer babbel. Ontspan jy nou net. (*Aan kinders.*) Nou waar was ek ... o, ja! Ek was op pad om julle te vertel hoekom ons hier is.
10. Onthiéal: Ek sê nie voor nie, ek sê nie voor nie - ek vra maar net: mag ek hulle maar vertel?
11. Dugstra-cam: Ek dink regtig nie hulle gee om wie hulle vertel nie, so lank iemand hulle net sê wat ons hier soek.
12. Onthiéal: En dis juis die punt. Wat ons hier SOEK. Ons is op soek na intelligente lewe op aarde. Of soos 'n mens in Afrikaans óók kan sê: Ons is op soek na *slim* lewe op aarde. Maar dit moet nog jong lewe wees. Sien ons wil 'n soort ... uitruilprogram doen. (*Aan Dugsta-cam.*) Is dit die regte woord? (*Aan kinders.*) Kom ek verduidelik dit so. Prokara, die planeet waarvandaan ons kom, wil ons vir twee maande aarde toe stuur om alles hier te leer en in ons plekke wil hulle dan twee aardkinders Prokara toe vat om alles daar te gaan leer. (*Aan Dugstra-cam.*) Mens noem dit mos 'n uitruilprogram, dan nie?
13. Dugstra-cam: Ek dink so, ja.
14. Onthiéal: In elk geval. As 'n mens nou in Prokara-jare tel, dan is
15. Dugsta-cam: Onthiéal, jammer om jou te onderbreek, maar ek staan en dink nou net hier by myself. Ons praat nou wel Afrikaans, maar ons lyk nog soos Prokara wesens!
01. Onthiéal: O, ja!! Ag verskoon ons gou terwyl ons onself na aardwesens verander.

(Hulle haal hulle mantels en ruimtemaskers af en kom terug met gewone jeans, t-shirts en tekkies aan.)

02. Dugstra-cam: So ja, dis beter. Nou lyk ons nes julle. Om die waarheid te sê dis lekker!
03. Onthiëhal: Dis lekker om 'n aardlyf te hê!
04. Dugstra-cam: Dis lekker om 'n aardlyf te hê, te hê! *(Lag en jol bietjie.) (Maak keel skoon.)* Onthiëhal, wat was jy laas besig om te sê?
05. Onthiëhal: O, ja. Ek was besig om vir hulle te vertel hoe oud ons is. As 'n mens nou in Prokara-jare tel, dan is ek nou 22 jaar oud en hy is 25 jaar oud. Maar in mensejare – is ons net so oud soos julle! En ons moet die twee aardkinders kry wat met ons kan uitruil en dis daarvoor dat ons intelligente aardkinders soek.
06. Dugstra-cam: En dis nou presies hier wat die moeilikheid inkom! Ons was nou al by so baie skole aan, maar ons sukkel verskriklik om intelligente aardkinders te kry.
07. Onthiëhal: *(Aan Dugstra-cam.)* En nou moet ek net gou vir hulle verduidelik. *(Aan kinders.)* As ons van “intelligent” praat, bedoel ons nie dis 'n kind wat bo 90% op skool kry nie. Vir ons beteken “intelligent” baie meer as dit. Die kinders na wie ons soek, moet emosioneel intelligent wees.
08. Dugstra-cam: Jam buk ta fnoekisam. *(Aan kinders.)* Askies. In Afrikaans beteken dit: stadig, asseblief! Want sy weet baie goed dat ek nog nie Afrikaans so goed verstaan nie. Ons moes in net een week Afrikaans leer ... *(bietjie teësinnig om te erken)* en sy het dit makliker as ek geleer. *(Aan Onthiëhal.)* Wat het jy nou gesê? Wat beteken emosie int..... of wat ook al jy gesê het.
09. Onthiëhal: Emosioneel intelligent. Dis wat ons soek, Dugstra-cam. Aardkinders wat al vir hulself kan dink en besluite kan neem. Kinders wat nie net soos 'n skaap die trop volg nie, maar vir hom- of haarself dink en dan hul eie keuses maak.
10. Dugstra-cam: O.K. Ek is by met die stukkie van vir hulself dink, maar gee my net gou 'n rukkie om te dink oor die woord “keuse”? Uhm, ... wat het ek geleer.... *(Onthiëhal mik om iets te sê.)* Wag, wag, wag. Moenie sê nie! O.K. Nou onthou ek! Dis soos as wanneer iemand vir jou sê jy mag 'n roomys kry en dan moet jy kies watter een. Dis dan jou kiese.
11. Onthiëhal: Jy bedoel seker keuse.
12. Dugstra-cam: Ja. KEUSE!
13. Onthiëhal: En 'n emosioneel intelligente kind, is 'n kind wat besef dat elke keuse 'n gevolg het.
14. Dugstra-cam: *(Baie opgewonde omdat hy die begrip “keuse verstaan. Vandaar sy entoesiastiese verduideliking.)* Byvoorbeeld. As my keuse is om jou te slaan *(Slaan haar gestileerd.)*
15. Onthiëhal:dan kan die gevolg wees dat ek kwaad raak en jou boud knyp. *(Knyp hom.)*
16. Dugstra-cam: *(“Ham” eers bietjie oor die knyp.)* Of byvoorbeeld - wanneer die juffrou uit die klas uitgaan en vra dat julle stil moet aangaan met julle werk, dan het julle elkeen 'n keuse *(effense klem*

01. (vervolg) *weer op “keuse” terwyl hy twee handpoppe vashou: ‘n uil (simbool vir ‘n goeie/slim keuse) en ‘n jakkals (simbool vir slegte/dom keuse)): òf jy doen dit wat sy jou gevra het om te doen, òf jy is stout. Maar elke een van hierdie twee keuses het ‘n gevolg.*
02. Onthièhal: As jy kies om....
03. Dugstra-cam: Dis onbeskof om iemand in die rede te val! As jy kies om...
04. Onthièhal: Maar jy is nie al een wat kan praat nie!
05. Dugstra-cam: Maar hierdie is my verduideliking! *(Gaan vinnig aan voor Onthièhal hom weer kan onderbreek.)* As jy kies om eerder op die bord te skryf of oor die banke te spring, dan gaan die gevolg sleg wees. Jou juffrou kan jou uitvang en straf.
06. Onthièhal: En dan’s jou werk nie klaar nie. Dan moet jy dit vanmiddag by die huis doen, terwyl ek kan speel.
07. Dugstra-cam: En jy kon dit in die klas gedoen het. Dan was jy nou klaar! So. Die een wie se werk klaar is en kan speel – is die emosie ... emosioneel intelligenter kind!
08. Onthièhal: Wag. Kies julle watter een van die volgende twee kinders julle sou kies vir ons uitruilprogram!
09. Dugstra-cam: Kyk julle nou self en dan kies julle wie is die emosioneel intelligenter ene!
- (Elkeen maak ook een of twee geringe veranderinge aan sy kostuum om meer soos ‘n aardkind in ‘n soort van ‘n skooluniform te lyk, m.a.w. slordig. Die twee aardkinders is maats en hulle kom by Dugstra-cam se karakter se huis na skool aan.)*
10. Onthièhal: *(Speel ‘n meisie? Meisie of seun - die karakter is ‘n bietjie agressief/moody.)* Jissie, ou Dig Smit kon ons nou nie juis meer huiswerk gegee het nie, kon hy. *(Sy plof neer op die vloer/twee stoele en gaan lê met haar kop op haar tas.)*
11. Dugstra-cam: *(Hierdie karakter is ‘n seun en definitief baie “cool” en “charming”.)* Vir wat gaan lê jy? Ek dog jy kom by my kuier. Soos in: ons gaan lekker goed doen. Nie rondlê soos my ma-hulle op ‘n Sondagmiddag nie!
12. Onthièhal: Ag, gaan vang ‘n haan, man. Ek’s moeg, dis al. Plus jy’t gesê ons kan ‘n rukkie radio luister. *(Alt.: Plus jy’t gesê ons kan ‘n rukkie cd’s luister.)*
13. Dugstra-cam: O, ja! Ek’t vergeet! *(Skakel radio of cd speler aan en sing heerlijk saam.)*
- LIEDJIE: ‘N BRITNEY SPEARS LIEDJIE
14. Dugstra-cam: Ek wil eendag ‘n sanger word. Of miskien liever ‘n dokter.
15. Onthièhal: Is jy by of is jy by? Hoe? Huh? Hoe? Waar dink jy gaan jou ma-hulle die geld kry om jou te laat verder leer? Of gaan jy by ‘n robot staan en bedel?
16. Dugstra-cam: ‘n Mens kry sulke goed soos beurse, stupid.
01. Onthièhal: Jy weet nie eens wat die woord beteken nie.

02. Dugstra-cam: Ek weet! 'n Beurs is amper soos 'n beursie – wat volg geld is – en dan kry jy dit present. (*Aan kinders.*) Sien, as 'n mens hard leer en goeie punte op skool kry, is daar mense wat vir jou sal betaal om universiteit toe te gaan. Hulle gee vir jou die geld en dit noem 'n mens 'n beurs. En ek weet as ek nou al begin hard leer en so aanhou, kan ek ook probeer om 'n beurs te kry.
03. Onthiéal: Maar dis moeilik. Ek haat dit om te leer.
04. Dugstra-cam: Maar die gevolg is so lekker.
05. Onthiéal: En as jy nie 'n beurs kry nie?
06. Dugstra-cam: Dan is daar ander maniere! 'n Mens moet net nie sit en vrek nie. Jy moet net aan 'n plan dink. Soos om deur die pos te leer! As mens hard genoeg dink, kan mens altyd aan 'n manier dink om iets te doen wat jy graag wil doen.
07. Onthiéal: En as jy net mooi niks aan jou situasie of omstandighede kan verander nie? Sê nou maar 'n mens is “stuck”?
08. Dugstra-cam: (*Lang pouse.*) Jissie, Monica, jy wil net nie 'n oplossing vind nie, né. Jy wil net die probleme raaksien. En dis net mooi die verskil tussen 'n “looser” en 'n wenner: 'n “looser” sien vir elke plan 'n probleem hoekom daai plan nie sal werk nie; 'n wenner sien vir elke probleem 'n plan. Doen jy niks lekkers nie? Geniet jy niks nie?
09. Onthiéal: Daar is dinge wat ek ook geniet! (*Haal botteljie dwelms uit haar sak uit.*)
10. Dugstra-cam: Wat is dit?
11. Onthiéal: Buttons. Wil jy hê?
12. Dugstra-cam: O, hemel jy's stupid. Drugs laat mens net vir 'n rukkie trip, en daarná? Daarna voel jy net nog erger as vantevore. Die dag ná 'n mens drugs gebruik het, is jy net nòg moeër, nòg meer beneuk, nòg dowwer en nòg meer deurmekaar as ooit vantevore. Jy sê juis jy's so moeg.
13. Onthiéal: Hoe weet jy? Het jy dit al ge-“try”?
14. Dugstra-cam: Natuurlik nie, simpel.
15. Onthiéal: Maar dan kan jy mos niks sê oor drugs nie. Nie voor jy ge-“try” het nie!
16. Dugstra-cam: Het jy al jou hand op 'n klomp warm kole gedruk?
01. Onthiéal: Is jy nou mal? Vir wat sal ek myself gaan staan en verbrand?
02. Dugstra-cam: (*Met 'n baie “patronising” stemtoon.*) Maar as jy nog nie jou hand op kole gedruk het nie, hoe weet jy dit brand? (*Terug na eie stem.*) Los my verdomp uit. As ek nie drugs wil gebruik nie, dan wil ek nie.

03. Onthièhal: Flippit, Renier, maar jy is outyds! En die ergste van al's is dat die goed jou niks kwaad kan doen nie. Jy kan niks sleg daarvan oorkom nie! Plus ek kry die goed makliker innie hande as tandepasta! na 'n paar uur is dit uitgewerk en dis dit. Ten minste het ek dan 'n paar lekker ure in my lewe gehad.
04. Dugstra-cam: Jy weet mos nou jy praat algehele en onverdunde NONSENS! Alle pamflette en tydskrifte en mense sê wat die verskriklike gevolge van drugs is. Hoe jy moeg en irritable voel en honger en nie kan konsentreer nie en deurmekaar en hartseer is. En as jy nie met jou agterent in die tronk sit nie! No thanks, my broer. Ek WIL eendag iets van my lewe maak... ek wil nie met 'n kriminele rekord rondloop nie! Besef jy dat as jy eers een keer gevang is, is jy gevang! Dan kan jy niks, NIKS doen om dit te verander nie.
05. Onthièhal: *(Lang pouse.)* Glo jy genuïene dat jy iets van jou lewe kan maak? Dink jy genuïene jy's anders as jou hele familie?
06. Dugstra-cam: Magtag man, daar's baie mense wat nie 'n ryk ma en pa gehad nie, maar wel lewers in die lewe gekom het.
07. Onthièhal: *(Aanvallend.)* Wie?!!
08. Dugstra-cam: Madiba, Breyton Paulse, Bennie McCarthy, Celine Dion, Quinton Fortune! Hulle het nie wragtag nie gekom waar hulle gekom het deur hulle skooljare om te mors op drugs nie!!!

LIEDJIE: KIES DIE LEWE, KIES OM TE WEN!

Soms voel jy alleen
 Soms voel jy niks is reg nie
 Soms wil jy gaan lê
 Jy voel die lewe is teen jou

STAAN OP! JY KAN WEN!
 AS JY WIL KAN JY KIES OM TE WEN
 NIKS OF NIEMAND MAG JOU KEER NIE
 AS JY WIL KAN JY KIES OM TE WEN
 KIES DIE LEWE, KIES OM TE WEN!

Jy will ook graag wen
 Jy moet net aanhou probeer
 Al voel dit moeilik en swaar
 Probeer net weer 'n keer

STAAN OP! JY KAN WEN!
 AS JY WIL KAN JY KIES OM TE WEN
 NIKS OF NIEMAND MAG JOU KEER NIE
 AS JY WIL KAN JY KIES OM TE WEN
 KIES DIE LEWE, KIES OM TE WEN!
 KIES DIE LEWE, KIES OM TE WEN!

01. Onthiéal: *(Taamlik sag.)* Well, dis te laat vir my. Ek het klaar die goed nodig.
02. Dugstra-cam: *(Heeltemal verbaas.)* Jy lieg!
03. Onthiéal: *(Vererg haar dadelik.)* Ek dog jy's my flippen pê! Ek dog ek kan jou trust! Hoekom sal ek oor so iets lieg, huh? Ek sweer man, ek kannie meer sonder dit nie! *(Skree die bekentenis amper uit.)* Ek is "hooked"... "addicted"...verslaaf!
04. Dugstra-cam: *(Lang pouse en dan baie besorgd.)* Maar dan moet jy hulp kry!
05. Onthiéal: IS JY MAL? WIL JY HÊ MY PA MOET MY VREK MAAK? As enigiemand, éniemand hiervan uitvind, sal ek jou vrekmaak, want jy's die enigste een wat weet.
06. Dugstra-cam: Maar wie doen drugs saam met jou?
07. Onthiéal: Hmpf. Hulle! As ek enigiets vir hulle sê, lag hulle net en loop weg.
08. Dugstra-cam: So – dwelmvriende is nie vriende nie. Maar jy kan nie drugs laat staan sonder hulp nie! Ek het nou die dag op die TV gesien...’n outjie van 14...hy was ’n heroëin verslaafde...op flippen 14! Anyway, hy't self gesê geen mens kan die goed op hulle eie los nie. Jy moet hulp soek. En by the way: hy het begin drugs gebruik net om te kyk hoe dit is...net om te voel hoe dit voel. En toe raak hy verslaaf!
09. Onthiéal: Hou nou verdomp op met preek! Dêmmitt! Hoe dink jy moet ek hulp soek sonder dat my ma-hulle uitvind? HUH? Mister Perfect!
10. Dugstra-cam: Daar is foonnommers wat jy kan bel. En hulle belowe om alles wat jy sê geheim te hou.
11. Onthiéal: Ja, maar...man, dis baie meer complicated as dit!
12. Dugstra-cam: Nee, dit IS NIE!
13. Onthiéal: Ag, wat weet jy! Wat dink jy gaan al die ander jollers dink as ek nou hulp kry en ophou?! "Chickeeeeeen!" en niemand noem my 'n chicken nie!
14. Dugstra-cam: So. Jy's sterk, nè? Gebruik jou krag! Help jousef!

01. (vervolg)

02. Onthiéal: Jislaaik, natuurlik wil ek ... en ek wil 'n 4 x 4 hê ... en die moeder van alle computers! Hel, ek kan aan baie dinge dink wat ek wil hê!
03. Dugstra-cam: Nou-ja, stupid, maak dan nou die regte keuses - jy het nog 'n kans om 'n verskil te maak!

LIEDJIE 2: EK WIL OOK LEWE, EK WIL OOK WEN

Ek het 'n fout gemaak, ek het verkeerd gekies
 Ek het tyd gemors – sal jy my help, asseblief
 Ek het 'n fout gemaak, ek het verkeerd gekies
 Ek het tyd gemors – sal jy my help, asseblief

EK WIL OOK LEWE, EK WIL OOK WEN
 EK WIL OOK MY DROME LAAT WAAR WORD
 EK WIL OOK LEWE, EK WIL OOK WEN
 EK WIL OOK MY DROME LAAT WAAR WORD

Jy het 'n fout gemaak, jy het verkeerd gekies
 Maar ons help mekaar, ons sal dit beter maak
 Ons kan weer voor begin, ons kan mekaar probeer verstaan
 Jy's gelukkig ou pe, jy kry 'n tweede kans

JY KAN OOK LEWE, JY KAN OOK WEN
 JY KAN OOK JOU DROME LAAT WAAR WORD
 JY KAN OOK LEWE, JY KAN OOK WEN
 JY KAN OOK JOU DROME LAAT WAAR WORD

ONS KAN ALMAL LEWE, ONS KAN ALMAL WEN)	
ONS KAN OOK ONS DROME LAAT WAAR WORD	}	X2
ONS KAN ALMAL LEWE ONS KAN ALMAL WEN		
ONS KAN OOK ONS DROME LAAT WAAR WORD!)	

04. Onthiéal: Nou wie sê julle is die emosioneel intelligenter een?
05. Dugstra-cam: Kom ons stem deur ons hande op te steek. Almal wat stem vir Monica, steek julle hande op.
06. Onthiéal: En almal wat stem vir Renier, steek nou julle hande op.
07. Dugstra-cam: Ek het gewen!! Ek het gewen!!
01. Onthiéal: Ma-a-a-a-a-ar - nou werk dit nie altyd so nie. Ons het nou al gesien hoe aardkinders ingee
02. Dugstra-cam: Wil jy 'n pyp maak?
03. Onthiéal: Jy hou nooit op nie, nê?! Nee! Ek wil nie!!
04. Dugstra-cam: Nou vir wat nie? Is jy te chicken?

05. Onthiéal: Chicken? Ek? Ek?! Hmpf!
06. Dugstra-cam: Dit lyk blêddiewil so! Jy't nog nooit ja gesê nie! Elke keer 'n ander blêddie verskoning!
07. Onthiéal: Maak'ie pyp!
08. Dugstra-cam: Maak'ie pyp?? Is jy serious? IS JY SERIOUS?
09. Onthiéal: Ja! Maak nou net die flippen pyp!
10. Dugstra-cam: Nou kan een van julle vir my verduidelik hoekom het Koos ingegee? Hy wil nie dwelms gebruik nie, maar toe sê hy maar ja. Hoekom?
11. Onthiéal: Wat dink julle? Hoekom het Koos ja gesê? (*Wag en sien of 'n kind hulle antwoord.*)
12. Dugstra-cam: Dink julle dis oor hy bang is sy maats noem hom 'n chicken?
13. Onthiéal: (*Slegs indien geen enkele kind antwoord nie.*) Ja, ek dink so.
14. Dugstra-cam: En dink julle dis 'n goeie rede om dwelms te gebruik? Net oor jy bang is vir jou maats?
15. Onthiéal: (*Slegs indien geen enkele kind antwoord nie.*) Nee, ek dink nie so nie. (*As die kinders wel geantwoord het, los net die vorige sin uit en tel hier op.*) Maar kom ons vra Oom Uil! (*Dugstra-cam gaan haal twee handpoppe.*) Oom Uil, dink Oom dis 'n goed genoeg rede om dwelms te gebruik net om in te wees by jou maats?
16. Dugstra-cam: (*Doen Oom Uil se stem.*) (*Lag lekker.*) O, nee! Beslis nie. (*Aan kinders.*) Stem julle saam met my? (*Wag en sien of 'n kind hulle antwoord.*) (*Doen Jakkals se stem.*) Ag, jy's so 'n spoil sport! (*Doen Oom Uil se stem.*) O, nee! Ek is net emosioneel intelligent, (*aan kinders*) of wat sê julle?!
17. Onthiéal: Maar by party kinders het ons nou ook al gesien dis nie net hulle maats se skuld nie.
18. Dugstra-cam: Party kinders luister na alles wat grootmense sê - al praat die grootmense verkeerde goeters.
19. Onthiéal: Ja? Het Ouboet my geroep?
01. Dugstra-cam: (*Kyk televisie, met remote control in sy hand.*) Ja, gaan haal gou vir my 'n nippie brandy by oom Jan. Asseblief, Boetie. Ek kyk gou die game.
02. Onthiéal: Hoekom moet ék dit gaan haal, Ouboet?
03. Dugstra-cam: Ek is jou Ouboet. Ek vra die vrae - nie jy nie! Al wat jy moet doen is om te maak soos ek sê en vir die res jou bek te hou! (*Mik om hom te klap.*)
04. Onthiéal: Sorry, Ouboet. Ek loop gou, Ouboet.

05. Onthiéal: Dis wat ons al gesien het, regtig! Kinders doen sommer maklik enige iets wat enige grootmens vir hulle sê om te doen. Al is dit lelike dinge. En dis VERKEERD! As grootmense lelike en verkeerde goed van jou verwag mag jy sê nee! Byvoorbeeld:
06. Onthiéal: Ja? Het Ouboet my geroep?
07. Dugstra-cam: Ja, gaan haal gou vir my 'n nippie brandy by oom Jan. Asseblief, Boetie. Ek kyk gou die game.
08. Onthiéal: Hoekom moet ék dit gaan haal, Ouboet?
09. Dugstra-cam: Ek is jou Ouboet. Ek vra die vrae - nie jy nie! Al wat jy moet doen is om te maak soos ek sê en vir die res jou bek te hou!
10. Onthiéal: Nee, Ouboet. Ek het by die skool geleer, as groot mense my vra om die verkeerde goed te doen mag ek nee sê.
11. Dugstra-cam: Wat? Wat het jy nou gesê? Wil jy hê ek moet jou doodslaan?
12. Onthiéal: As jy try Ouboet, dan bel ek die welsyn! Of my onderwysers sal die welsyn bel. Of die dominee. Of almal van hulle saam! En dan sit jy innie tronk vir kindermishandeling. Hoekom is Ouboet nie vir my lief nie? Jy is dan my Ouboet!
13. Dugstra-cam: Jy is reg. 'n Mens moet lief wees vir jou broer. En ek is lief vir jou! Ek is! Ek maak ook net foute! (*Onthiéal loop 'n entjie weg.*) En Boetie, moet nooit begin rook en drink nie!

LIEDJIE: LOVE ME AND TALK TO ME

Love me and talk to me - don't bite my head off
 Love me and talk to me - don't smoke another pipe
 Love me and talk to me - don't tell me to stay out of sight
 Love me and talk to me - 'cause it is my basic right

Love me and talk to me - don't just see the bad in me
 Love me and talk to me - see when I try my best
 Love me and talk to me - and teach me how to do it too
 Love me and talk to me - 'cause it's my basic right

Chorus

We all know the ABC, we can T-A-L-K talk
 We don't need to trip or hit, we can T-A-L-K talk
 You and I we all have hearts, we can L-O-V-E love
 We don't need to run or hide, we can L-O-V-E love
 We can T-A-L-K talk
 We can L-O-V-E love
 We can talk, we can love, we love and talk

And everything's gonna be - A-O-K!

01. Onthiéal: Haai, Dugstra-cam, ons moet vlieg...Ek bedoel loop. Dis laat en ons moet nog hoeveel skole vandag besoek!

02. Dugstra-cam: Ja, maar nou het ons nog nie tyd gehad om te hoor of hier dalk intelligente mensekinders in hierdie skool is nie! Wag, ek het 'n klomp koeverte saambring. As jy dink jy is iemand wat goeie keuses maak, soos om nee te sê vir dwelms, skryf asseblief aan ons en laat ons weet van jou bestaan! Sodat ons kan terugrapporteer aan Planeet Prokara oor intelligente lewe op aarde! Of as jy hulp soek oor enige probleem, en ek bedoel: ENIGE PROBLEEM - IS JY NET SO WELKOM OM AAN ONS TE SKRYF!

Onthiéal: Ja, asseblief - skryf aan ons! Ons los vir elkeen 'n koevert en as julle daai koevert gebruik, hoef julle nie eens 'n seël op te plak nie!

Dugstra-cam: Ons moet nou hol! Maar ons laat ons aardverteenvoorder nog vir nog so 'n rukkie hier by julle bly! Bye!!!

Onthiéal: Tot siens! Onthou om te skryf!!

FINALE LIED : HERHALING VAN LIED 1 SE CHORUS.

DIE EINDE